Laerskool Lynnwood

Hoop • Glo • Dien



# Lynnies Skooldrag

## en algemene netheid van leerders

ALGEMEEN | SPORT | KULTUUR




# Algemene Skooldrag

## Reëls en toepassing

Ons doen 'n beroep op u as ouer om toe te sien dat u kind volgens die voorgeskrewe riglyne aangetrek is.

Ons waardeer die ouers en leerders se samewerking.

*'n Netjiese Lynnie dra 'n goeie beeld uit!*

# Dogters



## SOMER

- Lynnies formele skoolrok.
- Met of sonder swart skoolskoene en wit kouse wat omvou - geen enkelsokkies of Lynnies Funky kouse nie.

## WINTER

- Skoolsweetpak met dogters LO-hemp.
- Wit kouse of amptelike Lynnies Funky kouse.
- Sporttekkies - geen "sneakers" nie.
  - Navy blou "fleece"-baadjie mag saam met sweetpakbroek gedra word.
  - Navy blou/wit "second skin" mag saam met wintersdrag gedra word.



*Lynnies is 'n kaalvoet-skool!*

## Algemeen

**Hare**

- Skoon en netjies, modestyle binne perke is aanvaarbaar.
- Wanneer hare aan kraag raak moet dit vasgemaak word.
- Hare mag nie in jou oë hang nie.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Slegs blou of wit haarbykomstighede.



**Juwele en naels**

- "Stud" oorbelle en klein oorringetjies mag gedra word, asook Lynnie "stud" oorbelletjies - klein silwer en goud en een per oor.
- Seëlring mag gedra word.
- Geen hangertjies nie.
- Slegs allergieë bandjies mag gedra word.
- Geen "Nomination" armbandjies nie.
- Geen grimering nie.
- Geen gekleurde naellak op naels nie.
- Naels moet netjies, skoon en kort geknip wees.

**Gewone drag**

- Halse mag nie te laag wees nie – as jy buk moet niks uitsteek nie.
- Kortbroeke mag nie te kort wees nie.
- Indien rokke gedra word, moet 'n "ski-pant" ook gedra word.
- Middelrif moet te alle tye toe wees - dogters moet toe wees vanaf skouers tot bo die knie.

Alle klere te koop by KAS-Spasie

# Seuns



## SOMER

- Lynnies blou seuns somershemp met wapen met grys kortbroek.
- Met of sonder swart skoolskoene en grys kniekouse.

## WINTER



- Skoolsweetpak met seuns LO-hemp.
- Wit kouse of amptelike Lynnies Funky kouse.
- Sporttekkies - geen "sneakers" nie.
- Navy blou "fleece"-baadjie mag saam met sweetpakbroek gedra word.
- Navy blou/wit "second skin" mag saam met wintersdrag gedra word.

*Lynnies is 'n kaalvoet-skool!*

Alle klere te koop by KAS-Spasie

## Algemeen

**Hare**

- Kort, netjiese haarstyle.
- Geen moderne haarstyle nie.
- Kuif mag nie aan jou oë raak nie, kuif moet 1cm bo die wenkbroue wees.
- Hare mag nie aan kraag raak nie.
- Geen "steps" mag ingesny word nie.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Gel mag gebruik word om hare netjies in toom te hou en nie vir moderne haarstyle nie.

**Naels en juwele**

- Naels moet netjies, skoon en kort geknip wees.
- Seuns mag geen juwele dra nie.

# Dogters en Seuns

## BELANGRIK

- *Die Lynnies Funky kouse mag slegs met tekkies gedra word.*
- *Sweetpakbaadjies en navy "fleece" baadjies mag ook saam met somersdrag aangetrek word op koue dae.*
- *Opwarmingshemde mag slegs saam met sweetpakke of LO-klere gedra word en nie saam met formele somersdrag nie.*

## VRYDAE

- Op Vrydae word provinsiale of nasionale klere gedra.
- Eerstepan/toerbaadjies is ook slegs op Vrydae toelaatbaar saam met 'n skoolsweetpakbroek en tekkies.
- **Geen** plakkies of "ski-pants" is toelaatbaar nie.
- Slegs die sweetpak/spandrag is toelaatbaar, dans- en swemkostuums sal byvoorbeeld nie toegelaat word nie.



# Sweetpak en LO-Klere



Alle klere te koop by KAS-Spasie

## LO/SKOP-KLERE

## SWEETPAK

- Leerders trek op die dae wat hul LO/SKOP het hul LO-hemp en LO-kortbroek aan.
- Leerders mag amptelike Lynnies Funky kouse en oefentekkies dra. Geen "sneakers" nie.
- Graad 1 - 7 leerders kan op die bogenoemde dae die heeldag in hierdie drag skoolgaan.
- In die winter word die sweetpak bo-oor die LO-klere gedra.
- Seuns en dogters mag "ski-pants" onderaan aantrek wat nie uitsteek nie.



# Opwarmingshemp




- Mag slegs saam met LO/Skop-klere gedra word. Nie saam met formele skooldrag nie.
- Mag in die winter saam met skoolsweetpakke gedra word.
- Mag saam met alle sportdrag gedra word.
- **Eerstespanne ontvang 'n Eerstespan Opwarmingshemp wat tydens die spesifieke sportseisoen op die sportveld gedra mag word.**

Alle klere te koop by KAS-Spasie

# Graad 7-drag



## DOGTERS

**Formele skooldrag (Mooi-mooi's)**

- Wit hemp met skoolwapen.
- Grys A-lyn rompie bo knie.
- Swart skoolskoene met wit sokkies (somer).
- WINTER: Swart skoolskoene met navy dik sykouse (opsioneel).



## SEUNS

**Formele skooldrag (Mooi-mooi's)**

- Wit hemp met skoolwapen.
- Grys kortbroek en lang grys kouse met swart skoolskoene (somer).
- WINTER: Grys langbroek en grys kouse met swart skoolskoene (opsioneel).

Alle klere te koop by KAS-Spasie

*Graad 7's dra skoolsweetpakke in die winter.*

# Formele drag vir verskillende rade



**DAGBESTUUR**

Gestreepte Dagbestuur das
Dagbestuurbaadjie



**LYNNIERAAD**

Navy das
Lynnieraadbaadjie



**DIENSRAAD**

Navy das
Diensraadbaadjie



**OMGEERAAD**

Navy das
Omgeeraadbaadjie

# LO/SKOP dae

- Leerders trek LO-klere aan met Dagbestuur/Lynnieraad/Diensraad of Omgeeraadlapel op linkermou.
- Leerders mag Lynnies Funky kouse en tekkies dra.

Alle klere te koop by KAS-Spasie

# Vrydae (Groenies)

- Groen Lynnie t-hemp en LO-broek.
- In die winter word die sweetpak bo-oor die LO-klere gedra.
- Leerders mag Lynnies Funky kouse en tekkies dra (geen "sneakers" nie).

*Ook korvee-drag!*



*Lapelle vir leerders bestel en is nie in die klerewinkel te koop nie.*

# Dagbestuur Sweetpakbaadjie



Dagbestuur dra in die winter 'n wit sweetpakbaadjie wat per kind per bestelling aangekoop word.
Die voog sal nodige reëlings deurgee na afloop van die verkiesing.
Die gewone skool blou sweetpakbroek word aangekoop in KAS-Spasie klerewinkel.



# Sportdrag

## DOGTERS

### Atletiek & landloop





- Atletiekhemp
- Navy Lynnies "ski-pants" met wapen of LO-broek.
- Atletiekkouse

Alle klere te koop by KAS -Spasie

### Netbal, hokkie en tennis





*Netbal en tennis funky kouse*



- Dogters veeldoelige rokkie.
- Netbal en hokkiekouse - soos voorgeskryf deur afrigters.
- Mini-hokkie en netbalkouse - soos voorgeskryf deur afrigters.

*Mini-hokkie funky kouse*



### Dogters Eerstespanne



*Laerskool Lynnwood voorsien eerstespanne van hul volledige eerstespandrag.*

### Dogterskrieket



- Klere word spesiaal vir dogters gemaak deur eksterne verskaffers.

### Gholf



- Dogters speel in LO-hempie en 'n "navy", khaki of wit gholfromp, lang- of kortbroek.
- Gholfskoene en lynnies "funky" kouse.
- Lynnies gholfpet.

# Sportdrag

## SEUNS

Alle klere te koop by KAS-Spasie

### Atletiek & landloop

- Atletiekhemp
- Navy Lynnies "ski-pants" met wapen of LO-broek.
- Atletiekkouse



### Rugby



*Laerskool Lynnwood voorsien hul eerstespanne van hul volledige eerstespandrag.*

- Skool rugbytrui.
- Bulletjie-rugbyspelers se rugbytruie lyk ook soos die res van die skool s'n.
- Navy rugbybroek met skoolwapen.
- Wit/Navy 'ski-pants' (sonder enige insetsels) mag onder broek gedra word.
- Wit/navy "second skins" mag onder trui gedra word.
- Die tweedespan speel met 'n wit rugbybroek. (Nie by klerewinkel te koop nie.)

### Hokkie en tennis

- LO-klere met tekkies.
- Hokkie/tennis "funky" kouse.
- Mini-hokkie dra dieselfde klere met mini-hokkie "funky" kouse.
- Eerstespandrag word voorsien aan spelers.



### Rugbyborg: 2024 - 2028

SAFARI OUTDOOR

- Lynnies se rugbymanne dra met trots tans rugbytruie met Safari Outdoor se wapen.

### Gholf

- Seuns speel in LO-hemp en enige "navy' of khaki gholflang- of kortbroek.
- Gholfskoene en lynnies funky kouse.
- Gholf eerstespan hemp word voorsien aan spelers.
- Lynnies gholfpet.



# Krieket

## Kwartaal 1 & 4





**Graad 1 krieket seuns (BEV-Krieket)**

- LO-hemp.
- Wit Lynnwood krieket kortbroek.
- Lang wit kouse.
- Lynnwood krieket "baggy".

**Graad 2 krieket seuns (Wedstryde)**

- Wit Lynnwood krieket kort/langbroek - soos per kommunikasie vanaf afrigters.
- Lynnwood kriekethemp.
- Lang wit kouse.
- Lynnwood krieket "baggy".

**Graad 3 – 7 krieket seuns (Wedstryde)**

- Wit Lynnwood krieket kortbroek.
- Lynnwood kriekethemp.
- Lang wit kouse.
- Lynnwood krieket "baggy".

Alle klere te koop by KAS-Spasie

## Kwartaal 3



**Graad R krieket seuns (BEV-Krieket)**

- Enige wit kortbroek.
- Groen Pre-Primêr t-hemp (word voorsien deur Pre-Primêr).
- Tekkies (seuns moet met tekkies speel).

**Graad 1 krieket seuns (BEV-Krieket)**

- LO-hemp.
- Lynnwood wit krieket kortbroek.
- Lang wit kouse.
- Lynnwood krieket "baggy".

**Graad 2 krieket seuns – Wedstryde**

- Wit Lynnwood krieket langbroek.
- Lynnwood kriekethemp.
- Lang wit kouse.
- Lynnwood krieket "baggy".

**Graad 3 – 7 krieket seuns – Wedstryde**

- Wit Lynnwood krieket langbroek.
- Lynnwood kriekethemp.
- Lang wit kouse.
- Lynnwood krieket "baggy".





## Eerstespanne

- Eerstespandrag word spesifiek vir seuns gemaak deur 'n eksterne verskaffer.

# Dogters en Seuns

## Skaak

- Spelers speel in formele skooldrag.
- Dogters: Skoolskoene en wit kouse.
- Seuns: Skoolskoene en grys langkouse.



## Ruitersport

- Lynnies LO-hemp en skoolbaadjie (voorsien deur organiseerder).



## Tweekamp

- Atletiek en swemklere soos voorgeskryf.

## Bergfiets



- Lynnies fietsryhemp of LO-hemp.
- Enige swart fietsrybroek - nie by KAS-Spasie te koop nie.
- Lynnies "funky" kouse.

## Swem

- Swart, vol swembroek of racer, soos hier aangedui (geen speedo's nie.)
- Swembroeke nie by KAS-Spasie te koop nie.
- Lynnies swempet.



Alle klere te koop by KAS-Spasie

## Lynnie T-hemde

- Beskikbaar vir oefenhemde of ander byeenkomste
- Interhuis Atletiek:
  - **Vanne A-H**
    Blesbokke: Blou
  - **Vanne I-P**
    Gemsbokke: Geel
  - **Vanne Q-Z**
    Rooibokke: Rooi



# ALGEMEEN & KAS-SPASIE (LYNNIES SE WINKEL)

## Sportoefeninge soggens voor skool

Indien leerders aan sportoefening vóór skool deelneem, moet hulle tydens voogperiode van sportklere na skoolklere verwissel.

## Sportgeleenthede en Lynnies Funky kouse

Amptelike Lynnie Funky kouse kan gedra word soos voorgeskryf deur die sportorganiseerders. Wit Crocs (sonder "gibits") mag saam met Lynnie Funky kouse tydens spesifieke sportgeleenthede gedra word, soos deur die sportorganiseerder gekommunikeer. Riglyne sal per sportsoort gekommunikeer word.

Alle klere te koop by KAS-Spasie

## Lynnies se Klerewinkel

- KAS-Spasie (Lynnies se Winkel) word onafhanklik vanaf die skool bedryf.
- Geen skool- of sportklere kan dus op u kind se skoolrekening gehef word nie.
- Voorraad is afhanklik van beskikbaarheid vanaf verskaffers.
- Nie alle klere word by KAS-Spasie verkoop nie. (Verwys gerus na die Kleregids op die Webblad.)

# Kultuur

## Kore







### Pre-Primêr

**Dogters:**

- Skool voorsien:
  - Groen langmou hemp
  - Denimrokkie
  - 2 groen strikkies
- Ouers voorsien:
  - Navy "opaque" sykouse .
  - Swart skoene ("pumps")
- Hare moet in twee netjiese hoë poniesterte gekam wees, met die groen strikkies in.

**Seuns:**

- Skool voorsien:
  - Blou langmou hemp
- Ouers voorsien:
  - Lang blou, netjiese denimbroek.
  - Netjiese swart skoene.
  - Kouse (Donkerblou)
- Hare moet skoon en netjies gekam wees.

### Juniorkoor

**Dogters:**

- Skool voorsien :
  - Rok en kraag
- Ouers voorsien:
  - Wit langmou hemp met ronde nek
  - Navy "tights"/dik sykouse
  - Swart skoolskoene
  - Wit en blou skool strik-rekkie (klerewinkel)
- Hare in hoë poniestert, gevleg met strik-rekkie bo.

**Seuns:**

- Skool voorsien:
  - Navy kruisbande en strikdas.
- Ouers voorsien:
  - Grys langbroek.
  - Grys kouse en swart skoolskoene.
  - Wit langmou kraaghemp met knopies.
- Hare netjies gejel.

### Seniorkoor

**Dogters:**

- Skool voorsien:
  - Navy koorbaadjie en das
- Ouers voorsien:
  - Grys rompie
  - Swart skoolskoene – bandjie oor brug
  - Navy 'tights'
  - Wit kortmou – dashemp
- Hare gejel, bolla vier vingers bo die neklyn, in 'n hare-net, met die skoolstrik-rekkie. (Te koop by KAS-Spasie).

**Seuns:**

- Skool voorsien:
  - Navy koorbaadjie en das
- Ouers voorsien:
  - Lang grys skoolbroek
  - Swart skoolskoene – toeryg.
  - Grys kouse – tot by die knieg.
  - Wit kortmou – dashemp.
- Hare netjies gejel.

# Redenaars



**Dogters:**

### SOMER

- Formele skooldrag:
  Somersrok met swart skoolskoene en wit kouse.
- Hare:
  Netjiese poniesterte of bolla of vlegsels met skoollinte.
- Skoolbaadjie word uitgeteken vir deelname.

### WINTER

- Formele skooldrag:
  Somersrok met swart skoolskoene en navy “tights”.
- Hare:
  Netjiese poniesterte of bolla of vlegsels met skoollinte.
- Skoolbaadjie word uitgeteken vir deelname.

**Seuns:**

### SOMER EN WINTER

- Formele skooldrag:
  Grys kortbroek met skoolhemp en grys lang kouse wat tot onder knie is.
- Hare:
  Netjies kort gesny.
- Skoolbaadjie word uitgeteken vir deelname.

*Graad 7-leerders dra hul formele skooldrag*



# Kunste Akademie

- Drag word jaarliks bepaal volgens elke kunsvorm en word deur kunste dosente bestel en bestuur.
- Kunste Akademie swart t-hemde by klerewinkel beskikbaar.





# Tasse en sakke







**Skooltas**

- Stewige skooltasse, sodat boeke nie verniel word nie.
- Lynnies-tasse is beskikbaar by die klerewinkel vir Graad 1 - 3 leerders. Graad 4 - 7 leerders verkies "trek-tasse" .

**Sport rugsak**

- Lynnies verkoop sport rugsakke (met leerder se naam daarop) teen bestelling.
- Sport rugsakke is vir alle sport, kultuur en toergeleenthede en kan ook as borgsak aangewend word.
- Sien hieronder nodige reëls vir borgskappe.

*Geen voorskrifte vir krieket, hokkie of rugbytokssakke nie.*

# Borgskappe

- Afrigters, personeellede of ouers mag borgskappe vir sport/kultuur nader.
- Elke borgskap en klereborgskap word aan die bemarker en klerekomitee afsonderlik voorgelê met finale goedkeuring deur die skoolbestuur en/of Beheerliggaam.
- Borge of borgskappe se embleem mag alleenlik op spesifieke, voorafbepaalde areas van die kleredrag geplaas word, soos bepaal deur die korporatiewe stylgids.
- Borgskappe vir sakke of enige alternatiewe bykomstighede mag die leerder se naam, span of jaar bevat, maar geensins die skoolwapen nie.
- Toerbaadjies word slegs gedra vir die spesifieke jaar.
- Geen toerbaadjie word saam met skooldrag of tydens ligawedstryde gedra nie.
- Laerskool Lynnwood voorsien hul sport eerstespanne van hul volledige eerstespandrag. Die eerstespandrag word nie deur eksterne maatskappye geborg met hul wapen of besigheidsembleme nie. (Tensy bepaalde kontrak goedkeuring regverdig).
- Slegs Laerskool Lynnwood se amptelike skoolwapen word op eerstespandrag geplaas.